higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR-VLAK 3

(8021013)

19 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

252Q1N2419

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STRAFREGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum is 'n winsgerigte maatskappy wat gestig is om georganiseerde misdaad in die bankwese te bestry en sy belanghebbendes is die groot banke.

1.2 Inisiatiewe vir slagoffer-ondersteuning speel 'n belangrike rol in berading vir misdaadslagoffers.

1.3 Voorligting en programme oor misdadige gedrag leer oortreders oor interpersoonlike bestaan, probleemoplossing, besluitneming, funksionering in groepe en aktiewe deelname aan die samelewing.

1.4 In 'n strafhof moet die hof 'n besluit neem oor die skuld en oplegging van 'n van geskikte straf aan die beskuldigde in sake waar 'n skuldigbevinding verkry is.

1.5 Die verantwoordelikhede van die ondersoekdirektoraat sluit in om ondersoek in te stel en strafregtelike verrigtinge aan die gang te sit.

1.6 Artikel 41 van die Grondwet beskryf die beginsels van samewerkende regering en interregeringsbetrekkinge tussen alle regeringsfere en alle staatsorgane.

1.7 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se bekwame en effektiewe diens berus uitsluitlik op funksionering in 'n klein gebied.

1.8 'n Groenskrif is 'n langtermynstrategie-dokument van 'n departement wat inligting en voorstelle oor 'n vraagstuk bevat, met die doel om leiding aan die bestuur en diensverskaffing van die departement te gee.

1.9 Wanneer 'n klaer nie tevrede is met die manier waarop 'n hoër hof se hoofaanklaer 'n klagte hanteer het nie, behoort hy/sy die klagte skriftelik by die Direkteur van Openbare Vervolgings aanhangig te maak.

1.10 Munisipale of metropolisiedienste het die bevoegdheid om strafregtelike ondersoeke binne die munisipaliteit se jurisdiksie uit te voer.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n term/item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die vertakking van regering verantwoordelik vir die promulgering van wetgewing	A	Korrektiewe stelsel op korreksies gefokus
2.2	Die vertakking van regering verantwoordelik vir die implementering van wette	B	Ondersoekdirektoraat
2.3	Sake-eenheid van die Nasionale Vervolgingsgesag	C	Gemeenskapspolisiëringsforums
2.4	Samel inligting in, behou en bewaar dit	D	Departement van Korrektiewe Dienste
2.5	Om die reg in eie hande te neem sonder regsgesag	E	Parlement of wetgewende vertakking
2.6	Verantwoordelikheid berus by die openbare vervolger om genoeg getuienis aan die hof te lewer om te bewys dat die beskuldigde aan die misdryf skuldig is	F	Vigilante
2.7	Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid	G	Uitvoerende vertakking
2.8	Om nie ’n oortreder as bloot ’n misdadiger te beskou wat ’n vonnis uitdien nie, maar as ’n individu wat bystand benodig weens die misdryf	H	Buurtwagstelsels
2.9	Ondersoek instel na verdagte voertuie of persone	I	Bewyslas
2.10	Bevordering van probleemidentifisering en probleemoplossing	J	Getuiebeskerming
		K	Vermoede van onskuld
		L	Regsprekende gesag
		M	Gedragskode

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne of paragrawe deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Hoofstuk 2; sektorpolisiëring; korrektiewe stelsel; waardes; versterk; opvoeding; demilitariseer; integriteit; Hoofstuk 3; herintegrasie; verhoudings; rehabilitasie; militariseer; begrip; strafregspleging

3.1 Gemeenskaps- (3.1.1) ... en (3.1.2) ... behels aktiwiteite wat daarop gerig is om die manier waarop gemeenskappe op misdaad reageer, te verander en gemeenskapsdeelname aan misdaadvoorkoming te fasiliteer. (2)

3.2 ... word gedefinieer as die proses om iemand wat uit die gevangenis vrygelaat is, te help om by die samelewing aan te pas. (1)

3.3 Die ses prioriteite om 'n misdaadvrye Suid-Afrika te bereik, sluit in om die strafregspleging te (3.3.1) ... en die polisie te (3.3.2) ... (2)

3.4 Etiese polisiëring vereis dat werknemers van die Suid-Afrikaanse Polisiediens met (3.4.1) ... en (3.4.2) ... vir mense se diversiteit en die reg handel. (2)

3.5 Die doelstellings en doelwitte van ... is om misdaad te voorkom. (1)

3.6 Die doel van die ... is om by te dra tot die handhawing en beskerming van 'n regverdige, vreedsame en veilige samelewing. (1)

3.7 ... handel oor lasbriewe, betreding van persele, beslagleggings, verbeuring en vervreemding van eiendom wat met oortredings verbind word. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Die spesiale howe verhoor spesifieke tipes sake en dien die Suid-Afrikaanse bevolking in die geheel.

Verduidelik die funksies van die volgende spesiale howe:

4.1.1 Kindergeregshowe

4.1.2 Gemeenskapshowe

4.1.3 Inkomstebelastinghowe

(3 × 2) (6)

4.2 Verduidelik die term *reservis*. (2)

4.3 Noem SES vereistes om 'n polisiereservis te kan word. (6)

4.4 Die Witskrif oor die Transformasie van die Staatsdiens 1995 staan ook bekend as die Batho Pele Witskrif bekend. Batho Pele is Sotho en beteken 'Mense Eerste'.

Identifiseer en verduidelik SES Batho Pele-beginsels. (12)

4.5 Beskryf die gronde of omstandighede vir die verwydering van die Nasionale Direkteur of Adjunk- Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings uit sy/haar amp. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae:

Veiligheidsbeampte op kamera betrap wat na bewering by aanklaer se kantoor inbreek

Die Klerksdorpse landdroshof het die saak teen Kgangetsile Motsumi tot 12 September uitgestel vir verdere ondersoek.

Motsumi, 'n 50-jarige veiligheidsbeampte by die Klerksdorpse hof, is Donderdag deur die Valke in hegtenis geneem nadat hy na bewering by die kantoor van 'n senior aanklaer ingebreek het. Hy staar aanklagte van inbraak en diefstal in die gesig. Hy is op waarskuwing vrygelaat.

[Vertaal uit: *www.news24.com*]

5.1 Verduidelik die rolle en funksies van private sekuriteitsmaatskappye. (4)

5.2 Beskryf die rol van aanklaer in die strafregtelike proses. (8)

5.3 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het verskillende afdelings wat tegniese steun en inligting van hoogstaande gehalte op die gebied van misdaadvoorkoming en -beheer bied. Daar word onderskei tussen sigbare polisiëring, operasionele reaksiedienste, misdaadondersoekdienste en -hulpbronne en administratiewe dienste.

Identifiseer enige AGT komponente/afdelings/eenhede van misdaadondersoekdienste. (Enige 8 × 1) (8)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.

VRAAG 6

Noem en verduidelik verskillende kategorieë wat die Departement van Korrektiewe Dienste as spesiale kategorieë van persone in gevangenisse geïdentifiseer het. **[20]**

OF

VRAAG 7

Bespreek die rol en funksies van verskillende howe deur na die volgende te verwys:

7.1 Gebiedsjurisdiksie

7.2 Jurisdiksie met betrekking tot sake

7.3 Jurisdiksie met betrekking tot vonnisoplegging

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou